

TEKSMARK 2019

'n Kunste Onbeperk-projek. Ondersteun deur NATi en die Baxter-teatersentrum

TEKSMARK-OORSIG

Die vierde Teksmark van Kunste Onbeperk vind plaas op vanaf 5 tot 7 November 2019 by die Baxter-teaterkompleks in Kaapstad. Die projek is 'n inisiatief van Kunste Onbeperk, die maatskappy wat onder meer die Klein Karoo Nasionale Kunstefees aanbied, en word moontlik gemaak deur die ondersteuning van NATi en die Baxter-teatersentrum.

KUNSTE ONBEPERK SE TEKSMARK IS IN 2018 VEREER MET 'N SPESIALE FLEUR DU CAP-PRYS VIR INNOVASIE IN TEATER.

Noemenswaardige suksesse sedert die eerste Teksmark:

- Nege tekste is tot volwaardige produksies ontwikkel.
- Twee tekste is in ontwikkeling en sal in 2019/'20 debuteer.
- Twee skrywers het pryse ontvang vir hul nuutgeskrewe tekste: Marina Albertyn vir Melk & Vleis (Aardklop-prys vir beste nuweling en 'n kykNET-Fiësta vir beste nuutgeskrewe teks) en Bauke Snyman vir Swerfgoed (KKNK Kanna-prys vir beste nuutgeskrewe teks).
- Drie skrywers het benoemings vir hul tekste gekry: Ameer Lekas vir Die dans van die watermeid (Fleur du Cap-prys vir beste inheemse teks), Du Toit Albertyn vir Die meermin-kompleks (KKNK-prys vir beste nuutgeskrewe teks) en Bauke Snyman vir Swerfgoed (Fleur du Cap-prys vir beste inheemse teks).

WAT IS DIE TEKSMARK EN WIE MAG DEELNEEM?

Die doel is om nuwe Suid-Afrikaanse verhoogtekste te ontwikkel en aan skrywers 'n geleentheid te bied om hul idees en tekste vir moontlike verdere ontwikkeling aan belanghebbendes in die teaterbedryf bekend te stel. Alle skrywers (hetsy gevestig of opkomend) kan deelneem.

Voorstelle word oorweeg om oor drie dae as leestater by die Teksmark in Kaapstad aangebied te word. Verteenwoordigers van teaters, feeste, vervaardigers en ander moontlike beleggers word na die Teksmark tussen 5 en 7 November 2019 genooi.

Tydens die Teksmark kry skrywers die geleentheid om oor hul teks-idees te gesels. Die mark is oop vir enige van die belanghebbendes om met skrywers te onderhandel oor moontlike belegging in en verdere ontwikkeling van hul tekste.

Omdat daar beperkte tydgleuwe beskikbaar is, kies 'n paneel 'n aantal tekste. Regisseurs en akteurs word in oorleg met die skrywer aangestel om die uittreksels op te voer.

VOORWAARDES

Voorstelle moet aan die volgende voorwaardes voldoen:

- Tekste in alle Suid-Afrikaanse tale word oorweeg.
- Multitalige produksies word aangemoedig en verwelkom.
- Slegs tekste wat nog nooit voorheen professioneel opgevoer is nie, word oorweeg.
- Alle voorstelle moet volledig ingedien word, vergesels deur verpligte dokumente soos hierin uiteengesit.
- Geen laat voorstelle word oorweeg nie en geen uitstel word toegestaan nie.
- Geen handgeskrewe voorstelle word oorweeg nie.

HOE OM 'N VOORSTEL IN TE DIEN

Voorstelle moet teen Vrydag, 20 September 2019 om 17:00 by hugo@kunste.org.za ingedien word en moet die volgende insluit:

- Titel van die teks;
- Skrywer se naam en kontakbesonderhede;
- 'n Uiteensetting van die inhoud en karakters en 'n tematiese konteks;
- Volledige tekste word verwelkom, maar 'n opvoerbare uittreksels van minstens tien minute is die minimum vereiste; en
- Dokumente moet in 'n Word-formaat gestuur word.

ONTVANGSERKENNING

Ontvangs van voorstelle word skriftelik erken. Indien erkenning nie binne 'n week van inhandiging ontvang word nie, moet die skrywer vir Hugo Theart by hugo@kunste.org.za kontak om te verseker dat die voorstel ontvang is.

KEURING

Slegs volledige voorstelle wat teen die sperdatum van 30 Augustus 2019 ontvang is, word deur 'n paneel oorweeg vir insluiting by die Teksmark. Skrywers sal teen begin Augustus in kennis gestel word of hul voorstelle deel word van die Teksmark, al dan nie.

NAVRAE

Kontak Hugo Theart by hugo@kunste.org.za met enige navrae.